Oordenking
28 Desember 2009

Jesus erken as Koning deur nie-Jode!

As die baba in die krip die beloofde Messias was, verwag mens dat die Nuwe Testament ons sal vertel hoe goewerneurs, maghebbers en konings voor Hom sou buig en hoe almal Hom met hul geskenke sou eer.
Dit was wat die Wyse Manne ook gedink het, toe hulle haastig en opgewonde na Jerusalem toe gegaan het om Hom te vind.

Toe hulle daar aankom, moes hulle baie teleurgesteld gewees het. Hulle vind geen feesvieringe, 'n vakansiedag of opgewondenheid nie. En toe hulle die mense daar vertel dat die lank verwagte Koning van die Jode gebore is, was die mense, koning Herodus ingesluit, ontsteld. Herodus was ontsteld, want vir hom was die Messias ‘n bedreiging vir sy troon; en die mense was ontsteld, omdat hulle geweet het tot watter wreedheid en bloedvergieting Herodus in staat was, as hy ontevrede word. Die priesters en geestelike leiers was ontsteld, want die koms van die Messias het hulle politieke mag en invloed bedreig, en soos baie van ons, was hulle nie gewillig om verandering te aanvaar nie.

Maar die wyses uit die ooste, nie-Jode, het ten spyte van Jerusalem se gebrek aan opgewondenheid, voortgegaan om die Messias te soek en het Hom in Betlehem gevind, waar hulle Hom aanbid het. Toe hulle by die huis kom waar Jesus was *"het hulle gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre."* (Mat 2:11). Stel jou voor dat hierdie trotse, onafhanklike wyse manne diep voor Christus neerbuig en Hom erken as Heerser van hulle lewe en Hom aanvaar as Heer en Meester. Die wyses het hulleself, en die beste wat hulle gehad het, vir Jesus gegee.

Die Jode het ‘n Bybel gehad. Op elke bladsy daarvan kon hulle van die beloofde Messias lees. Nogtans het hulle geweier om Hom te huldig. Die wyses het net ‘n ster gehad – en moes na Jode toe gaan om meer inligting oor Hom te kry – en nogtans is dit hulle wat die getroue aanbidders van ons Here word.

Dis steeds waar dat hulle wat die kosbare Evangelie sedert hulle kinderdae ken, dikwels minder opgewonde is oor die wonderlike boodskap, as mense wat dit die eerste keer hoor. Ons kerkmense, het ook ‘n geskiedenis waar God vir geslagte lank aan ons genade bewys, ons het ‘n Bybel, die kerk, die sakramente en suiwer leerstellings oor Jesus. Maar dikwels reageer ons ook soos Herodus en die Jode in Jerusalem. Dikwels bly ons blind vir die waardevolle skat van die Evangelie van genade en redding. Dit word 'n las, wat ons dink teveel verantwoordelikheid is om te dra. Soms is die Evangelie selfs vir ons ‘n teleurstelling.
Ons moet oppas dat die groot skat van die goeie nuus oor Jesus nie sy glans en luister vir ons verloor nie.

Die verhaal van die wyses roep ons weer op om Christus te aanbid. Om opgewonde te raak oor Jesus. Die wyses stel vir ons ‘n voorbeeld om laag te buig voor Jesus die Koning, Hom lief te hê en aan Hom die beste te gee van ons diens en van wat ons besit, want Hy is die Messias, die beloofde Christus, die Koning van die Jode en ook ons ewige Koning van majesteit en heerlikheid.

Mag die Kerstyd ons weer by ‘n plek in ons lewens bring, waar ons Christus met blydskap aanbid en aan Hom al die eer gee wat Hom toekom.